

# Vuk'uzenzele



Produced by Government Communications (GCIS)

English/Afrikaans

| Mei 2018 Uitgawe 1

## Land claim reaps rewards

**A KWAZULU-NATAL (KZN)** community will soon be enjoying the rewards of a successful land claim that they have turned into a private game reserve.



■ The Mayibuye Game Reserve has already created jobs and will ensure that the wildlife economy thrives.

**Hlengiwe Ngobese**

**T**he first black-owned private game reserve is on the cards for KZN, thanks

to a R15 million government investment to the Mayibuye Community Trust.

The word mayibuye, which means to return in isiZulu, is also the name of the 5

581-hectare Mayibuye Game Reserve, which is located between Pietermaritzburg and Durban.

The land being returned to the community was taken via forced removals in 1963,

which saw 445 people lose their homes.

Chairperson of the reserve, Welcome Maphanga said the community was relocated to

● **Cont. page 1**



**Science powers education**

Page 7



**Youth say YES to employment**

Page 8



**ALSO AVAILABLE ON:**



@VukuzenzeleNews

f Vuk'uzenzele

Websites: [www.gcis.gov.za](http://www.gcis.gov.za)

[www.vukuzenzele.gov.za](http://www.vukuzenzele.gov.za)

E-mail: [vukuzenzele@gcis.gov.za](mailto:vukuzenzele@gcis.gov.za)

Tel: (+27) 12 473 0353

**Free Copy**

*“There can be no greater gift than that of giving one’s time and energy to help others without expecting anything in return.”*

Nelson Mandela





# Jeug sê JA vir indiensname

’n REGERINGSINISIATIEF wat daarop gerig is om aan een miljoen werklose jeug betaalde werkservaring te bied.

**M**asego Temane is ingenome om as ’n deelnemer in die Jeug-werkdiens (YES in Engels) en in ooreenstemming met haar diploma in Menslike Hulpbronbestuur, werkservaring op te doen.

YES, wat onlangs deur President Cyril Ramaphosa geloods is, is daarop



■ Masego Temane is ingenome om deel van die jong mense in die YES-program te wees.

gerig om jongmense vir werk voor te berei en hulle met die tegniese vaardighede toe te rus wat nodig is om die industrialisering van die ekonomie te stut.

Temane verduidelik dat sy, nadat sy in 2016 gegraduateer het, nie vir werk kon aansoek doen nie omdat sy nie die nodige ervaring gehad het nie.

“Dit was ’n groot uitdaging om sonder ervaring nuwe werk te soek. Gelukkig het ek die Lulaway-werwingsagentskap, wat saam met YES werk, teëgekomen en hulle het vir my ’n internskap aangebied.

YES is ’n gesamentlike poging deur die rege-

ring, die arbeidsektor en die sakegemeenskap om oor die volgende drie jaar betaalde werkservaring aan een miljoen Suid-Afrikaanse jeugdiges te bied.

Navorsing deur belanghebbers dui daarop dat een jaar se werkservaring op ’n CV met ’n verwysingsbrief, ’n jongmens se kans om werk te vind, drie keer verhoog.

Temane het bygevoeg dat sy passievol is oor haar werk, veral omdat sy ook ander jongmense kan help om werk te kry, want sy werf jeugdiges vir internskappe.

Toe YES geloods is, het President Ramaphosa die eerste 100 jeugdiges wat danksy die program deur ABSA, Investec, Netcare, Sasol en Unilever aangestel gaan word, ontmoet.

“Ons sien hierdie inisiatief as een pilaar van ’n breë en omvattende nasionale poging om geleenthede vir jongmense te skep. ’n Ander sentrale

pilaar is die ontwikkeling van jongmense se vaardighede en vermoëns,” het President Ramaphosa gesê.

Hy het ’n beroep gedoen op klein besighede om ’n rol te speel aangesien hulle ’n enorme werkersbasis het en groot besighede nie alleen genoeg jeugdiges kan opneem nie.

Volgens YES se HUB, Tashmia Ismail-Saville, het 5,8 miljoen van die 15,5 miljoen mense in Suid-Afrika tussen die ouderdom van 18 en 34, nie werk nie.

“YES het ten doel om aan daardie deel van die jeug wat gewoonlik deur die land se huidige werkmodelle oorgesien word, ’n kernbelangrike eerste kans te gee om behoorlike, betaalde werkservaring van gehalte op te doen,” het Ismail-Saville gesê.

Die klein besighede wat swart jeugdiges tussen die ouderdom van 18 en 29 aanstel, sal as bykomende aansporing, geregtig wees op

’n indiensname-belastingaansporing gelykstaande aan R1 000 per maand.

YES-jeugdiges moet:

- Tussen 18 en 34 jaar oud wees.
- Vir meer as ses maande werkloos wees.
- Swart mense wees (Afrikaan, Gekleurde of Indier).

Indien maatskappye die indiensname-belastingaansporing wil eis, moet die jeug tussen die ouderdom van 18 en 29 wees.

## Hoeveel kan die jeug verdien?

Salarisse sal na verwagting dieselfde as die nasionale minimumloon van R3 500 per maand wees, en sal verwante opleiding en ondersteuning insluit. Die gemiddelde koste per jaar is R55 000. ■

Besoek [www.yes4youth.co.za](http://www.yes4youth.co.za) vir meer inligting.

# Nuwe taal vir SÄ in die pyplyn

TRADISIONELE LEIERS het ’n kernbelangrike rol te speel in die skep van ’n samelewing sonder armoede, werkloosheid en ongelykheid.

Neo Semono

**K**helobedu kan die twaalfde amptelike taal in Suid-Afrika word in ooreenstemming met die herstel van tradisionele leierskap se waardigheid.

President Cyril Ramaphosa het hierdie aankondiging gemaak tydens die kroning van die Balobedu-reënkoningin by Mokwakwaila-stadion in Bolobedu, Ga-Modjadji, Limpopo,

Khelobedu is die taal wat deur die Balobedustam gepraat word. Dié stam sal deur die dertienjarige Balobedu-reënkoningin, Masalanabo Modjadji, gelei word wanneer sy 18 word, nadat sy as Koningin Modjadji VII ingehuldig is.

Sy sal ooreenkomstig die Balobedugebruik en -tradisies graduateer.

“Dit is ’n ware historiese mylpaal waarop Mamma Winnie Madikizela-Mandela



■ President Cyril Ramaphosa saam met die verkose Balobedu-reënkoningin, Masalanabo Modjadji, wat sal orneem wanneer sy 18 jaar oud word, nadat sy as Koningin Modjadji VII ingehuldig is.

trots sou wees. Dit is die eerste en enigste koningskap in die land en op die kontinent,” het President Ramaphosa gesê.

President Ramaphosa het die regering se verbintenis tot die herstel van tradisionele leierskap se eer en waardigheid, herbevestig.

Die Balobedu-koningskap is amptelik in Maart 2016 erken, nadat die Kommissie oor Tradisionele Leierskapsgeleentheid en -eise (CTLDC) navorsing gedoen het

oor die status van die Balobedu-stam ooreenkomstig die eise wat by die CTLDC ingedien is.

“Die regering is daartoe verbind om aan die voorskrifte van Hoofstuk 12 van die Grondwet te voldoen, veral ten opsigte van die herstel van tradisionele leierskap se waardigheid in ’n grondwetlike demokrasie,” het President Ramaphosa gesê.

Hy het gesê die erkenning van hierdie koningskap in

Suid-Afrika gee uiting aan die verbintenis tot die beginsels en waardes van geslagsgelykheid, terwyl dit ook die leierskaprol wat vroue op alle vlakke van die samelewing speel, erken.

“Tradisionele leiers het ’n kernbelangrike rol te speel in die skep van ’n samelewing sonder armoede, werkloosheid en ongelykheid. Ons tradisionele leiers moet aan die spits van die stryd wees om die regte en waardigheid van ons mense te herstel.”

Hy het ook die belangrikheid van die rol wat deur tradisionele leiers gespeel word om grond aan die regte eienaars terug te besorg, benadruk.

“Hulle moet verseker dat die grond teruggegee word aan dié wat dit bewerk en dat diegene wat die grond terugkry die vermoë het om dit te bewerk,” het President Ramaphosa gesê.

’n Beraamde 25 miljoen men-

se wat in landelike gebiede woon, woon daar onder die leierskap van tradisionele leiers. ■

## Het jy geweet?

- Die Balobedu is in 1972 geraak toe die voormalige reënkoningin, Makoma Modjadji, se magte van haar af weggenem is en haar titel na opperhoof afgegradeer is.
- Dorpies en indunas onder haar leierskap is destyds by die Lebowa- en Gazankulu-tuislande geïnkorporeer; dit het die stam se ryk kultuur, sowel as die koningin se geslagsregister, wat tot 400 jaar teruggevoer kan word, vernietig.